

AgriSA verwelkom brandstofverligting van R10 miljard, vra vir volgehoue investering in landbougroei

AgriSA verwelkom die regering se aankondiging van R10 miljard se tydelike brandstofverligting in die 2026-Mediumtermynbegrotingsbeleidsverklaring (MTBPS).

“Dit is ’n belangrike ingryping om die druk op landbouproduksiekoste en voedselpryse te verlig,” sê Johann Kotzé, hoof- uitvoerende beamppte van AgriSA.

Die minister van finansies, Enoch Godongwana, het aangekondig dat die algemene brandstofheffing vanaf 4 November tot 1 Desember 2026 met R3 per liter vir diesel en R1,50 per liter vir petrol verlaag sal word. Die verligting sal daarna tot 5 Januarie 2027 verminder word na R1,50 per liter vir diesel en R1 per liter vir petrol.

Die aankondiging kom op ’n kritieke tydstip vir die Suid-Afrikaanse landbou, op die vooraand van die somergraanplantseisoen en die somervrugteproduksieseisoen. Met die vooruitsig van El Niño-toestande wat verhoogde klimaatsrisiko's inhou, hoë kunsmispryse en brandstofkoste wat deur die jaar volgehoue druk op produsente geplaas het, staan produsente aan die begin van hierdie belangrike produksietydperk voor aansienlike finansiële uitdagings.”

“Teen hierdie agtergrond is die brandstofverligting besonder welkom. Diesel is ’n belangrike insetkoste in landboubedrywighede en regdeur die voedselstelsel. Hierdie ingryping sal broodnodige verligting bied op ’n tydstip wanneer boere belangrike produksie- en beleggingsbesluite neem,” sê Kotzé.

AgriSA verwelkom ook die doelgerigte toekennings in die Aangesuiwerde Ramings van Nasionale Besteding, insluitend:

- R183 miljoen wat uit die vorige boekjaar oorgedra is vir die verkryging van entstowwe teen bek-en-klouseer (BKS).
- R242 miljoen se bykomende befondsing vir die herstel van vloedbeskadigde landbou-infrastruktuur.
- R1,46 miljard vir die herstel van vloedbeskadigde nasionale en provinsiale paaie, wat ook belangrik is vir landboulogistiek en toegang tot markte.

Hoewel hierdie toekennings positief is, beklemtoon AgriSA dat doeltreffende uitvoering van deurslaggewende belang is. BKS bly ’n ernstige bedreiging vir veeproduksie en uitvoermarkte en vereis ’n volgehoue, behoorlik befondsde inentings- en biosekuriteitsprogram, eerder as ’n afhanklikheid van noodmaatreëls.

Net so moet investering in infrastruktuur verder strek as bloot rampherstel. Betroubare paaie, waterstelsels en logistieke netwerke is noodsaaklik om produksiekoste te verlaag, beleggings te lok en landbou-uitvoer uit te brei.

AgriSA bly besorg oor die behoefte aan voorspelbare en voldoende ontwikkelingsfinansiering vir die landbou, insluitend volgehoue befondsing van die Landbank, asook doelgerigte investering in klimaatweerbaarheid en voorbereiding vir El Niño-toestande.

“Die MTBPS bied welkome korttermynverligting, maar die landbou se langtermynbydrae tot ekonomiese groei, werkskepping en voedselsekerheid hang af van volgehoue investering in die stelsels wat produksie ondersteun.”

Die regering het 'n regstreekse belang by landbougroei. Sedert 2012 het die landbou gemiddeld met 3% per jaar gegroei, teenoor 1% vir die breër ekonomie. Die volhoubaarheid van hierdie groei is 'n gedeelde prioriteit, met doelgerigte investering in biosekuriteit, infrastruktuur en landboufinansiering wat noodsaaklik is om verdere beleggings, werksgeleenthede en uitvoergeleenthede te ontsluit.

Navrae

Johann Kotzé, AgriSA Hoof- uitvoerende beampte

+27 (0) 79 523 5767

